Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS HUISTAAL V2

PUNTE: **80**

TYD: **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhouds-opgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy bestudeer het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Voorgeskrewe gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA).

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op blasy 5 om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORD.

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**			
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1. "Suiwer wiskunde"	Opstelvraag	10	6
2. "Dienaar van die nagereg"	Kontekstuele vraag	10	7–8
3. "Susan Boyle"	Kontekstuele vraag	10	9
4. "Op sy branderplank"	Kontekstuele vraag	10	10–11
EN **Ongesiene gedig: Verpligtend**			
5. "Tut-tut"	Kontekstuele vraag	10	12
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag.***			
6. *Onderwêreld*	Opstelvraag	25	13
7. *Onderwêreld*	Kontekstuele vraag	25	13–15
8. *Manaka Plek van die Horings*	Opstelvraag	25	16
9. *Manaka Plek van die Horings*	Kontekstuele vraag	25	16–18
10. Vatmaar	Opstelvraag	25	19
11. *Vatmaar*	Kontekstuele vraag	25	19–21
12. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Opstelvraag	25	22
13. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Kontekstuele vraag	25	22–24
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag.***			
14. *Krismis van Map Jacobs*	Opstelvraag	25	25
15. *Krismis van Map Jacobs*	Kontekstuele vraag	25	25–28
16. *Mis*	Opstelvraag	25	29
17. *Mis*	Kontekstuele vraag	25	29–32

*** LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK √
A: Gedigte (Gesiene gedigte)	1– 4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedigte)	5	1	
B: Roman (Opstel of kontekstueel)	6 –13	1	
C: Drama (Opstel of kontekstueel)	14 –17	1	

LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

Suiwer wiskunde – NP Van Wyk Louw

Die uurwerk kantel. En die ligbruin by
hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug
word, nooit sal saadskiet, welk, en nooit verby
hierdie verstarde uur sal groei. Die lug

het stil soos ys gaan staan, so wit en blou.
Die brander wat wou oorbuig, val, en skuim,
bly in sy ligte sirkels vasgehou
en moet sy see ’n ewigheid versuim

[Bron: *Uurglas,* 1955]

In die gedig word die uitbeelding van die gevolge van tyd wat tot stilstand kom deur die gebruik van halfrym, enjambement en retoriese middele ondersteun.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

dienaar van die nagereg – Patrick Petersen

wanneer ek, pie djy pie, dink aan u pa-pappa-pappie
sien ek
u langarm in ’n jas reënerige kakie op ’n groen raleigh
vir presies wees; ’n teen-koue-kakiekombers dik om u
lyf gespan; wasem wat soos spookasem uit u mond hang;
op kantoor besig met die administrasie
van wit mag; en buite brand die blou lig blouer teen
die totale aanslag van links en swartwees; tussen twee tot tien
elf tot sewe vyf tot een en tien tot ses.

wanneer ek aan u werk dink pappa-piet
sien ek
’n hart wat vuiste maak; haat wat opgroei en ’n
grootman raak; die maan wat snags u beatstap
tel; die wind altyd weer die wind op wolseley
wat die dood in sy knope opgaar; blink geelkoperknope –
waarin die volksnag lawenis soek; lexingtons
en way side twak; die apostoliese hawe – ’n kloekbaai
wat haar skuitjies bymekaar hou.

en eenkant langs die tafel voor die stoof sit slaap
my skaduwee en ek. wag vir die kedoes medi
husse met lang-lang ore. wag vir tjoklit en humbugs.
wag vir die dienaar van die nagereg. wag vir één dag.

[Bron: *amandla ngawethu,* uitgegee deur Genadendalse Drukkery, 1985]

2.1 Verduidelik enersyds die tweeledigheid wat in die titel opgesluit lê, asook die teenstrydigheid wat dit andersyds uitlig. (3)

2.2 Benoem en bespreek die funksionaliteit van die halfrym in versreël 7. (2)

2.3 In reël 12 verwys “haat wat opgroei” na ’n bepaalde houding wat die spreker teenoor sy pa se beroep het.

2.3.1 Wat is hierdie houding? (1)

2.3.2 Bewys met TWEE ander aanhalings uit die gedig dat die spreker hierdie houding tot aan die einde volhou. (2)

2.4 Is die neologisme in versreël 17 gepas om die idee van die pa se beroep en die beskerming wat dit vir die mense van die land moet bied, te beklemtoon? Motiveer jou antwoord. (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

2.5 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer (2.5) en die letter (A–B) neer te skryf, byvoorbeeld. Benoem die retoriese middel in die slotstrofe.

A Inversie
B Sinekdogee
C Herhaling
D Kontras (1)

[10]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Susan Boyle – Kobus Grobler

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van Britain's got talent
aangeja soos 'n skaap
misrabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van I dreamed a dream
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

[Bron: *Toulopers,* verse vir tieners]

3.1 Haal EEN woord uit versreël 1 aan wat in kontras met die titel staan en verduidelik waarom dit as kontrasterend beskou kan word. (2)

3.2 Motiveer waarom jy dink dat die beeldspraak in versreël 3 as effektief beskou kan word, al dan nie. (1)

3.3 Daar vind progressie vanaf strofe 1 na strofe 2 plaas.

Bespreek die bogenoemde stelling deur na TWEE aspekte te verwys en motiveer of hierdie progressie geregverdig kan word, of nie, deur na albei strofes afsonderlik te verwys. (3)

3.4 Hierdie gedig bevat geen vaste rymskema nie. Wat word so 'n gedig genoem en hoe sluit dit by die inhoud van die gedig aan? (2)

3.5 Verwys na reëls 12 tot 14.

Dink jy dat daar 'n dieper boodskap in hierdie versreëls opgesluit lê? Verduidelik jou antwoord. (1)

3.6 Wat kan jy omtrent die spreker se houding teenoor Susan Boyle aflei indien jy die slotreël in ag neem? (1)

[10]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Op sy branderplank – Petra Müller

Hy waag hom weer teen horisonne.
Die see gooi son in teen sy sonne, maar skuimskuddend
deur die teug vlug hy na vore, hys hom
lugtig teen die stroom uit, en kom
staan-staan strand toe, groen
deursigtig en ook reeds gebore.

*

Die seun het see in sy mond. Hy weet
nie of dit bloed of water is nie: uit
spoeg hy dit. Met sy sagte tongpunt voel
hy wortels van sy tande af, en proe die lug
wat sag van land en kruie om hom labberlag.
Hy lig hom van die seeplank af; afwesig
skud hy nou sy kop – 'n blonde rob –
en snuit hom skoon
van wat hy was;

'n elegante, goed gesteelde lyf
wat eeue lank reeds
land toe dryf

[Bron: *Nuwe verseboek vir seniors]*

4.1 Benoem die halfrym in versreël 1 en verduidelik hoe dit die konnotatiewe betekenis van dié versreël beklemtoon. (2)

4.2 Hoe skakel die woord "hys" (versreël 3) met die "hy" se stryd wat teen die natuur gevoer word? (1)

4.3 Sou dit korrek wees om te sê dat die asterisk effektief aangewend is? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Verwys na versreëls 8 en 9.

Waarom is die gebruik van "dit" 'n gepaste woord keuse in versrël 9? Identifiseer ook die verstegniese middel wat in dié reëls aangetref word en verduidelik waarom dit funksioneel binne die konteks gebruik is. (3)

4.5 Verwys na die slotstrofe.

Wat word 'n strofe genoem wat uit drie versreëls bestaan? Evalueer ook die geslaagdheid van hierdie strofe se bou om die kern van die gedig te beklemtoon. Motiveer jou antwoord. (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

4.6 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer (4.6) en die letter (A–E) neer te skryf, byvoorbeeld. 4.6 E

Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n:

A Elegie
B Vrye vers
C Sonnet
D Herinneringsvers (1)

[10]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

TUT-TUT – Bibi Slippers

Toe Tutankhamon se graf in die 1920's opgegrawe is,
was sy klere oortrek met sequins. goue skywe is aan sy
kleed gewerk om te verseker dat hy goed lyk en geld
het as hy die gange van die na-dood bewandel. en hier
stap ons steeds in die 2020's soos slaapwandelaars,
halfdood van verdriet en armoedig van gees gaan ons
ons gang, tut-tut verby mekaar. maar ons lyk darem okay
onder ligte, in ons begrafnisklere bedek met blinkers.

[Bron: 1983, https://bibislippers.com/e-boeke/]

5.1 Hierdie gedig bestaan uit een strofe van agt versreëls .

Wat word so 'n strofe genoem? (1)

5.2 Die mensdom van die 2020's wat aan Tutankhamon gelyk gestel word, is gepas.

Bewys EN weerlê hierdie stellling deur na versreëls 5 en 6 onderskeidelik te verwys. (2)

5.3 Verwys na versreël 7.

Wat, dink jy, is die tema van hierdie gedig? Noem ook die stylfiguur in "tut-tut verby mekaar" en sou dit korrek wees om te sê dat die woord "tut-tut" in hierdie versreël effektief is om hierdie tema te ondersteun? Motiveer jou antwoord. (3)

5.4 Identifiseer die toon van die gedig en motiveer waarom "maar ons lyk darem okay" (versreël 7) juis hierdie toon versterk. (2)

5.5 Verwys na die slotreël.

5.5.1 Benoem die klankeffek wat hier aangetref word. (1)

5.5.2 Waarom kan die onderstreepte woorde as ironies beskou word? (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Die blootstelling aan die "onderwêreld" word die keerpunt vir Greg wat sy waardes, keuses en uiteindelik sy identiteit beïnvloed.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê. Die eerste toetsreeks is voor die deur. Die onderwysers dreig. As Dok Pienaar die slag op kantoor is, kry ons 'n oorvol preke tydens saalbyeenkomste. My binnekant krimp sommer ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie. Ek sal my agterent in rat moet kry. En gou ook. Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.

Dis Februarie en steeds somer. Die reën toor die helderste groene op uit die Drakensberge. Soms is daar 'n donderstorm wat soos 'n laser show deur die hemel flits. In die lug hang die soet reuk van die rooigras. Dassies en akkedisse bak op die klippe as die reën ophou en die son uitkom. Soms sien jy 'n lammervanger met sy swart vlerke in die lug draai op soek na 'n karkas.

Ek is besig om 'n stout SMS van Nicole te lees toe my ma bel.

"En as jy so lag?" vra sy.

"Nee, dis niks. Hoe gaan dit, Ma?"

"Goed, Greg. Altyd goed." Haar stemtoon vertel 'n ander storie.

"Is Ma seker?"

Sy bly 'n oomblik stil. "Jou pa slaap die afgelope tyd sleg. Dis die werk. Dit maak hom buierig. Ek bly maar uit sy pad. Ek het mos nou al geleer wanneer om terug te staan. Dis net … partykeer wil mens iemand hê om mee te gesels."

7.1 Identifiseer die tipe verteller wat in TEKS A voorkom en noem 'n rede waarom dit in hierdie uittreksel as suksesvol beskou kan word. (2)

7.2 Verwys na reëls 1 tot 6.

7.2.1 Na watter betekenismoontlikheid van die titel word daar in hierdie reëls verwys? (1)

7.2.2 Verduidelik in jou eie woorde waarom Greg se akademiese nalatigheid 'n invloed op sy aansien as hoofseun het deur na TWEE aspekte te verwys. (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

7.3 Verwys na reëls 7 tot 11.

Die ruimtebeskrywing is hier funksioneel om 'n dieper boodskap na vore te bring. Bewys hierdie stelling deur enersyds na die "donderstorm" (reël 8) en andersyds na die "son" (reël 10) te verwys. Verduidelik ook tot watter mate die verwysing na die "lammervanger" (reël 10) op 'n gepaste wyse die slot van die roman voorspel EN hoe die "reën" (reël 9) metafories Greg se karakterontwikkeling voorstel. (4)

7.4 Herlees reël 12.

Wat verklap hierdie reël omtrent Nicole se karakter en hoe dra sy in die roman tot die onderwêreld van die adolessent by? Noem ook 'n ander karakter in die roman wat suksesvol hiertoe bydra. (3)

EN

TEKS B

Ek is haastig, wil by die koshuis kom. Vanmiddag is daar weer 'n rugbyoefening.
Eckardt keer my met die arm net toe ek wil aanloop. Hy kyk op na die dubbelverdiepinggebou voor ons. Ons het al duisend keer hier verbygeloop, maar dis een van daardie plekke wat jy later nie meer sien nie. Dis net daar. Net nog 'n ou college-gebou.
"Die die Lawson-gedenkmuseum," sê ek.
"Kom ons gaan in."
"Ek moet waai."
"Komaan, Greg." Sy oë donker. "Ons loop gou deur."
'n Hand vou om my keel. Ek kyk na die museum. Dalk het ek dit ander kere met opset misgekyk, want daarbinne wag die herinneringe.
Eckardt is al op met die trap, kyk terug na my toe hy in die deur staan. "Kom nou!" John.
Ek volg. Verstrengel in my eie gedagtes.
Tree vir tree terug na die verlede. Verby die talle uitstallings. En toe…
"John Owen… Is dit nie jou broer nie?" vra Eckardt.
Vir net die tweede keer sedert ek in Lawson is, kyk ek op na die uitstalling. Hoofseun, sportheld. Skoolbaadjie. 'n Getekende rugbybal. Die foto's. Sy groot oomblikke. Uitgelate lewe. Glimlagge. Arms geslaan om spanmaats se skouers. 'n Vuis in die lug. Krieketkolf omhoog. White water rafting. Rotsklim. Trofeë in die hand.
Maar geen foto wat wys hoe broederskap deur die dood vlam nie; geen foto van die extreme sport van verlang nie.
En skielik, in die stil herinneringe, besef ek: ek het al John se stem vergeet.
Totdat Eckardt se weerkaatsing in die glas sê: "Dis oukei, Greg."

7.5 Verwys na reël 1.

Later kontrasteer Greg se houding met die houding wat hy in TEKS B teenoor rugbyoefening het. Waarom kan hierdie stelling as WAAR beskou word? (1)

7.6 Identifiseer die soort konflik wat in TEKS B voorkom en verduidelik waarom jy so sê. Watter ander ruimte in die roman veroorsaak dieselfde gevoelens by Greg? (3)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

7.7 Herlees die onderstreepte sin in reëls 3 en 4.

Motiveer waarom hierdie stelling as ironies beskou kan word. (1)

7.8 Herlees reël 8.

Hoekom, dink jy, word Eckardt se oë juis hier as "donker" beskryf? By watter ander geleentheid in die roman speel Eckardt se oë 'n belangrike rol? (2)

7.9 Die hoostuk waaruit hierdie teks kom se opskrif is *Log File: Gedenking.*

Waar in die verhaalstruktuur pas TEKS B in en wat word die tydsverloop genoem wat in *Onderwêreld* aangetref word? Verduidelik ook waarom dit juis belangrik is vir die verloop van die roman dat Eckardt vir Greg na hierdie ruimte toe bring. (3)

7.10 Verwys na reël 24.

Hoe verskil die gevoel wat Eckardt se weerkaatsing in die glas hier by Gregontlok van die weerkaatsing in die glas in die hoofstuk wat volg? (1)

7.11 Herlees reëls 16 tot 19 van TEKS A en reëls 15 tot 21 van TEKS B.

Vergelyk Mnr Owen se invloed op Greg se ma en John se ongelukkigheid deur na TEKS A en TEKS B onderskeidelik te verwys. (2)

[25]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Beantwoord óf VRAAG 8 (opstelvraag) óf VRAAG 9 (kontekstuele vraag)

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Ouma Essie se optrede en uitsprake Baas se begrip en uitlewing van Christenskap op Manaka beïnvloed. **[25]**

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C

By sy neef Baas wat met whippet-windhonde en Ierse terriërs boer, kry hy 'n windhondjie present. Dis 'n taankleurige tefie, die tipiese bruingeel van die bloedlyn wat neef Baas teel. Hy gee ook vir hom 'n eksemplaar van Michael Main se boek oor die Zambezi.

Met 'n laaste besoek aan die plaas waar hy gebore is en grootgeword het, loop Baas saam met Brindle deur die bouval van wat eens hulle huis was. Hy wonder wat hy daar kom soek het. Maar in die vervalle tuin wil beelde uit sy kinderdae tog vorm aanneem.

In 'n bedding dahlias loop sy ma en blomme sny. Sy dra 'n loshangende rok met soepel palmbome op. Die rok kom tot by haar enkels. Sy het 'n vriendelike mond. Om haar nek hang 'n kettinkie met 'n kruis daaraan. Sy is kaalvoet, maar statig.

Hy besluit om die whippet-tefie Lady te noem.

Neef Baas bied aan om met 'n paar reisagente in verbinding te tree oor Baas se toerismeplanne en om hom te laat weet sodra hy 'n adres het.

Hy ry na die kerkhof waar sy pa en ma begrawe is en bring die laaste aand in die Houtboschberg daar deur.

Met 'n tas vol kaarte van die staatsdrukker in Pretoria, vat Baas die volgende oggend die pad. By die basiskamp in Botswana, waar hy sy bagasie teen die tuitmiershoop onder die njalaboom afpak, ontdek hy sy ma se Bybel wat sy niggie Mart vir hom ingepak het.

9.1 Verduidelik hoe TEKS C in die roman pas. (1)

9.2 Net voor hierdie gedeelte lees ons dat Baas 'n pos in die noorde van Botswana aanvaar het. Noem die soort pos wat hy aanvaar het asook hoe dit by sy karakterontwikkeling bydra. Noem ook TWEE insigte waartoe hy uiteindelik as gevolg hiervan kom. (4)

9.3 Met watter sleutelfiguur in Baas se lewe bind Baas se neef hom? Motiveer jou antwoord. (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

9.4 Herlees reël 5–8.

Beskryf Baas se gemoedtoestand in hierdie reëls. (1)

9.5 Herlees reël 11.

Bespreek hoe die onderstreepte sin in hierdie reël die intrige van die roman beïnvloed. (2)

9.6 Watter rol het Houtboschberg in Baas se karaktervorming gespeel? Verwys na DRIE dinge. (3)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

TEKS D

Gepaardgaande gebare haak die knoop deur. Hy vind uit waar die indoena bly. Die twee seuns ry vrolik saam, een oog op die honde, om hom te gaan wys.

Hy doen wat hy gekom het om te doen. Hy maak 'n afspraak met die khuta, die indoena-owerheid van die Senanga-gebied, vir woonregte op die plek wat hy op hulle aandrang aan hulle moet gaan uitwys.

Die hele Land Rover-vrag ou manne identifiseer die plek as Manaka. Hulle klap langdurig vir mekaar hande om hulle eenstemmigheid hieroor te bevestig.

Ná twee dae se onderhandelings, nakoming van stamrituele en moeite om te keer dat die twee honde amok maak onder die parlementslede en die dramatiese tolk, besluit die Raad van Indoenas onder leiding van hoofindoena Daaimon dat: Aangesien reverend Joseph, wat die sendingstasie daar bedryf het, oorlede is en niemand anders in die grond belangstel nie omdat dit nie geskik is vir 'n field nie, beduie die tolk met oordrewe handgebare in sy gebrekkige Engels, daarom: Mag die grond wat as Manaka bekend staan, aan mister Baas Chipman toegesê word ...

Die geld vir die konsessie sal tweehonderd en vyftig Suid-Afrikaanse rand per maand wees. Dit kan ook in Namibiese dollar of Amerikaanse dollar betaal word. Maar nie in die plaaslike geldeenheid nie, aangesien daar geen winkels in die Senanga-gebied is nie en die winkels in Namibië weier om kwachas te aanvaar. Slegs indoena Daaimon mag die betaling in ontvangs neem.

Baas betaal die eerste jaar se huur vooruit.

9.7 Herlees reël 8.

Gee TWEE redes vir die tradisie in die onderstreepte woorde. (2)

9.8 Hoekom ervaar Baas innerlike konflik op Manaka? Dink jy dié konflik word eindelik opgelos? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (3)

9.9 Verklaar die betekenis van "konsessie" in reël 18. (1)

9.10 Wat doen Baas toe hy besef hy gaan nie 'n kwitansie of kontrak kry nadat hy sy huur vooruit betaal het nie? (1)

9.11 Dink jy die khuta en hulle tweede in bevel se optrede is altyd bo verdenking? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

9.12 Verwys na TEKS C en TEKS D.

Watter soort verteller is in TEKS C en D aan die woord en wat is die rol van die verteller in reël 20–22 van TEKS D? Sê ook hoe sou die ander vertelperspektief moontlik positief tot die reëls kon bydra. (3)

[25]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VATMAAR – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Die roman stel die idee sentraal dat individue geregtig voel om besittings te neem wat nie aan hulle behoort nie. Hierdie verskynsel kom voor by sowel die Boere en Engelse tydens die Tweede Vryheidsoorlog as by die inwoners van Vatmaar.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

Dan het hy dit vir die Reverend gegee om op die altaar te sit en te seën.

Dit was die tyd toe arm mense gedink het tiekies is daar vir kollekte in die kerk.

By die nagmaal was Oom Hendruk die eerste om die Heilige Bloed te ontvang, en al was hy 'n "tee-toddler", het hy 'n groot sluk gevat. Die kerkmense het altyd gesê: Daai groot sluk is genoeg om enige mailer dronk te maak!

Noudat Oom Hendruk in die grootste verknorsing van sy lewe gesit het, het almal gesê watter groot aap hy was, hy moes die diamant na hulle toe gebring het om te verkoop. Die hele gemeenskap en al sy kerkgenote was teen hom. Hulle het gesê: Hy sal nooit weer so 'n groot geluk kry nie, nooit in sy hele lewe weer nie. En watter vonnis die witmense hom ook al gee, dit sal sy verdiende loon wees.

Volgende het die poliesman geskree: Hendruk Jannewarie.

Baas? Het Oom Hendruk gesê en na die traliedeur toe geloop.

Die poeliesman het na die beskuldigdebank gewys.

Oom Hendruk het in die hofsaal om hom rondgekyk en die hele gemeente van sy kerk en nog ander mense ook sien sit. Teen dié tyd het die diamant in die oorvertellery tot die grootte van 'n hoendereier gegroei.

Die bewysstuk, die diamant, het op 'n omgekeerde koppie op die skryfbank naby die magistraat se inkpot gelê. Skitterende ligstrale het daaruit geflits want dit was blinkskoon van al die gesuig in Oom Hendruk se bek ...

11.1 Watter oneerlike plan van Reverend Cobb het daartoe gelei dat Oom Hendruk in die moeilikheid beland het? (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

11.2 Herlees reël 6.

Verduidelik waarom Oom Hendruk in hierdie “verknorsing” beland en bespreek hoe die afloop van hierdie situasie as ironies beskou kan word. Met watter tema in die roman hou hierdie gebeure verband? (3)

11.3 Hoe dra die milieu van Vatmaar enersyds by die optrede van Reverend Cobb en andersyds by die optrede van die Vatmaar-gemeenskap (reël 6 tot 9) by? (2)

11.4 Herlees reël 8 tot 10.

Noem TWEE karaktertrekke van die Vatmaar-inwoners wat uit hierdie reëls afgelei kan word EN identifiseer TWEE inwoners wat nie hierdie eienskappe toon nie. (4)

11.5 Oorweeg of die wyse waarop Oom Hendruk in die hof behandel word, geregverdig is. Gee TWEE redes om jou standpunt te ondersteun. (2)

11.6 Watter DRIE bewyse is daar dat Reverend Cobb homself na die afloop van die gebeure in TEKS E bevoordeel? (3)

11.7 Wie tree op as verteller in TEKS E? Bespreek waarom hierdie tipe verteller effektief is in die konteks van die teks. (2)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

TEKS F

Sy het gelag en die pot van die vuur afgehaal en gesê: Gaan haal hout. Jy koud.

Hy het daar naby gaan hout haal, dit op die vuur gesit en hy was gou warm. Hy was kaalvoet, met net 'n kakie Tommie-baadjie wat hy gesteel het, aan. Sy voete was vol winterblase.

En weet jy wat het hierdie ouma gedoen? het Norman van der Westhuizen vir jou pa gevra. Heinrich, het hy gesê, sy het twee blikborde en 'n kallabas melk gaan haal en vir ons elkeen 'n groot bak pap geskep. Die eerste ordentlike ete wat ek gehad het vandat my pa op kommando vertrek het.

Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem. Hy was dadelik lief vir hierdie nuwe swart ma, want sy was al wat hy op die aarde gehad het. En gelukkig vir hom, het sy ook al haar kinders en man in 'n swart konsentrasiekamp verloor.

Sy het toe 'n blik water op die vuur gesit en gesê: Seerplekke op jou lyf baie sleg. Kyk agter vuur, ek kyk vir wilde kopiefa-blare.

Sy het teruggekom en die blare op die tafel gesit wat van twee armybokkies en 'n los houtblad gemaak was.

Bring water, mosimane, het sy gesê.

Hy het die water in die hut ingedra en die blare en skoon stuk doek op die tafel gesien. Sy het hom uitgetrek en gevra: Jou ma, waar?

Hy het met sy vinger grond toe gewys.

11.8 Wie is die "Sy" in reël 1? (1)

11.9 Die ouma leer vir Norman TWEE belangrike lewenswaardes.

Noem hierdie waardes en bespreek of dit met die titel van die roman ooreenstem. Motiveer jou antwoord. (3)

11.10 Op watter manier veroorsaak Norman van der Westhuizen later innerlike konflik by tant Wonnie? Evalueer ook of hierdie konflik uiteindelik opgelos word of nie. Motiveer jou antwoord. (2)

11.11 Watter tema van die roman word in TEKS F beklemtoon? (1)

11.12 Herlees reëls 9 en 10 van TEKS E asook reëls 10 tot 12 van TEKS F.

Is dit geregverdig om te sê dat alle Vatmaar-inwoners hulle verlustig in ander se ellende? Motiveer jou antwoord. (1)

[25]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Iris voel dat sy 'anders' is en as gevolg daarvan voel sy dat sy nie inpas nie.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS G

Peter se laaste, onduidelike poskaart het voorgestel dat ons mekaar in New York ontmoet, die naweek voor Kersfees. Hy sou sorg dat hy daar is as ek dieselfde sou doen. In 'n naskrif het hy iets genoem van 'n begeerte om daarna Europa toe te gaan en stel ek belang om saam te kom? Ek het verkies om dit andersom te doen omdat ek so gou as moontlik onder Frederik se verwytende oë wou uitkom. My kleinniggie Sara, 'n dik meisie van dertig, het aangebied om Frederik te kom help. Ek het hom nie vertel hoe sy lyk nie, bloot dat ek iemand gekry het om vir my in te staan. Sy sou hom ongetwyfeld alles vertel van my en my susters, veral van Kara wat, volgens haar, apokriewe wette van die Bybel oortree het deur saam met Claude huis op te sit en wat dus eendag in 'n verskriklike hellevuur sou brand. Nie almal in die familie was so kleurblind soos Ma en Pa nie.

Met my vliegtuigkaartjie in my handsak het ek vir Kara laat weet dat ek kom kuier en vir Peter dat ek hom in New York sal sien, hy moes net laat weet waar. 'n Paar weke later het sy ma my gebel en gevra of sy 'n pakkie mag saamstuur.

"Seker," het ek gesê en sy het afgespreek om een middag oor te kom.

Dit was 'n kreperend warm middag en ek was kaalvoet in die tuin besig om Ma se pers petunias nat te gooi.

13.1 Wat is die inhoud van Peter se eerste brief aan Iris? (1)

13.2 Noem EEN rede waarom Iris van Frederik se "verwytende oë" (reël 5) wil ontsnap. (1)

13.3 Herlees die onderstreepte sin in reël 10–11.

Verskaf TWEE redes waarom die verteller hierdie besonderhede met die leser deel. Is Johanna ook kleurblind? Staaf jou antwoord met TWEE redes. (4)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

13.4 Herlees reëls 16 en 17.

Evalueer waarom die verwysing na die kleur “pers” in verband met Iris se geboorte gepas is. Dink jy die konflik wat Iris rondom haar geboorte ervaar, word uiteindelik in die roman opgelos? Motiveer jou standpunt. (2)

13.5 Watter karakter moedig Iris aan om oor Peter se uitnodiging na te dink EN watter rede word hiervoor aangevoer? (2)

13.6 Iris besluit om nie die modelkontrak te aanvaar nie. Dink jy dat hierdie besluit geregverdig kan word? Motiveer jou antwoord. (1)

EN

TEKS H

Ná die slapie was almal knorrig. My teorie was dat die suurstof in die huis begin min raak het, maar ek het geen ondersteuning gekry nie, veral nie van die mans wat my daarop gewys het dat meer as genoeg suurstof deur die balke ingelaat word. Dit, op sy beurt, het Bettie genoop om te kla dat dit verklaar waarom sy so koud om die blaaie gevoel het. Die kinders was die enigste wat vrolik was. Hulle het selfs aangebied om die tafel te dek en het elke klapper geskud, probeer inkyk wat binne-in is en daarvolgens besluit wie kry watter een. Ek het hulle gewys hoe om die servette in waaiers te vou, ’n truuk wat ek by Elsa geleer het. (Elsa het nooit net ’n tafel gedek nie; sy het altyd ’n kleurskema, ’n tema en iets pikants of ongewoons as versiering. Soos die keer toe sy by ’n visete ’n kunstige versameling skulpe op ’n silwer bordjie gerangskik het en een van die skulpe begin wegloop en ’n slymspoor oor die gestyfde tafeldoek gelaat het. Dit was Hannes se skuld, het sy gesê. Die idee was dat hy leë slakskulpe uit die tuin bymekaar moes maak. Johanna het gelag soos ’n heks toe ek haar ná die tyd daarvan vertel het.)

Ons het verder gebou aan die legkaart. Brian het aan die lug gearbei omdat dit sy spesialiteit was. Tussendeur het hy ons vertel van sy bekwame broers.

13.7 Identifiseer die plek waar TEKS H afspeel en verduidelik waarom Iris haar in hierdie bepaalde omgewing bevind. (2)

13.8 Herlees reël 4 tot 5.

Bettie spreek haar misnoeë in hierdie reël uit. Noem EEN ander karaktereienskap van haar wat elders in die roman na vore kom. (1)

13.9 Watter karakter beïnvloed Iris se veranderde siening van die huwelik binne die ruimte van TEKS H EN wat behels hierdie nuwe perspektief? (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

13.10 Dink jy dat die verhouding tussen Elsa en Iris geloofwaardig is? Motiveer jou antwoord. Gee ook TWEE redes waarom jy dink dat Elsa 'n invloed op Iris se lewe het. (3)

13.11 Herlees reëls 10 tot 15.

Gee TWEE redes waarom Johanna en Iris die voorval met die slakke as aangenaam ervaar. Verduidelik verder hoe hierdie insident met die slakke in TEKS H verskil van Elsa se optrede en persoonlikheid in die roman. (3)

13.12 Waarom is Johanna 'n betekenisvolle figuur in Iris se lewe? Verskaf TWEE voorbeelde uit die roman om jou antwoord te motiveer. (3)

[25]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Map Jacobs se blootstelling aan uitsluiting, geweld en sosiale verwerping is 'n keerpunt wat sy lewenskeuses ingrypend verander.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS I

	Haar lippe bewe.	1
APOSTEL GEORGE:	Glo jy nou, suster? Glo jy nou?	
	Sy knik.	
APOSTEL GEORGE:	Dáár is jou seun, missies Jacobs, ná sewe lange jare, lánk soos dit vir ons lyk, maar wat is die maat van ons dae teen die maat van die dae van die Here? Soos 'n oogwenk is dit alles, sê Hy wat die Here is… Gaan in die vrede van God, Map Jacobs.	5
	Map knik.	
APOSTEL GEORGE:	Suster, ontvang jou seun in die vrede van God, ontvang hom terug by jou… (*Saggies)* Kyk, hy het nuwe klere aan! *(Sagter.)* Hy is skoon gewas…	10
	Antie Grootmeisie huil.	
APOSTEL GEORGE:	*(aan Map)* Gaan, jy is waarlik vry, Map Jacobs. Staan op, verlaat nou die gevangenis… En laat die dooies agter, laat die dooies hulle dooies self begrawe, broer Jacobs, jý verlaat die gevangenis… Één ding net moet jy nog doen…	15
	Dan praat Map met 'n groot drif.	
MAP:	Één ding moet ek nog doen, ek wéét, Apostel, en ek wéét lat die Here vir my wag… lat ek moet ýtpraat, om die exact waarheid van daardie aand te vertel, net soes 'it was, en 'it was verskriklik, my God, en 'it was vuil, en 'it was afskuwelik, maar die Here, Hy het my vergewe… So, ek kan sien, Apostel, ek kan sien lat ek moet vertel, die Lig yt die Hemel yt sê dit my, kyk… Die Lig!	20 25
APOSTEL GEORGE:	Praise the Lord! Ek het geweet jy sal, my nuwe broer! Praise the Lord!	
MAP:	Die Lig… ek sien dit nou, dankie, God…	

15.1 Wat word die onderstreepte teksgedeeltes in reëls 1, 3 en 13 genoem EN waarom is dit belangrik dat dit juis in hierdie toneel ingesluit moet word? (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

15.2 Herlees reël 2.

Wat is dit wat sy moet glo EN wat wil die apostel spesifiek met hierdie vraag bereik? Dink jy dat dit regverdig van die apostel is om te verwag dat Antie Grootmeisie moet “glo”? Motiveer jou antwoord. (3)

15.3 Bespreek wat die milieu waarin TEKS I afspeel omtrent die breër ruimte waarin die drama afspeel, suggereer. (1)

15.4 Verwys na reël 11.

Hoe dra die “saggies” en “sagter” tot die stemming in hierdie uittreksel by? (1)

15.5 Alhoewel Map uit die gevangenes gelaat word, is hy nie “waarlik vry” (reël 14) nie.

Bewys hierdie stelling met TWEE feite. (2)

15.6 Herlees reëls 19 tot 25.

Watter TWEE sake is ingesluit by die “waarheid” (reël 21) wat Map oor homself moet vertel EN dink jy dat hierdie reëls daarin slaag om sy innerlike konflik uit te beeld? Motiveer jou antwoord. (3)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

TEKS J

	Richie kom nader.	
RICHIE:	*(dreigend, met die kerrimstok)* Ja, fok-off!	
TOMMY:	*(keer)* Los hom, man!	
RICHIE:	Kom disturb die game, blêdie instant messiah! Jy moet jou ge-can-de ideas… Dink ons is dóm!	5
LA GUMA:	Al wat ek kom vra het, is of daai social worker oek met julle kom praat het, ek meen oor Map Jacobs… Nou abuse julle 'n man…	
CYRIL:	Nou hoekô state jy nie jou blerrie case nie, short en sweet… Nou praat jy eers 'n klomp insulting hoegdrawende kak!...	
TOMMY:	Hê, vrede, vrede…	10
LA GUMA:	*(uit die hoogte, aan Tommy)* Well, daar's dié wat maar net sal bly wat hulle is… *(En hy draf weg.)*	
CYRIL:	Cheeky P.T.-vark!	
TOMMY:	Vergiet van hom, man!	
RICHIE:	Ja, kô speel aan…	15
TOMMY:	Ringe vir jou vinge'! Don't be nervous! Tommy Sobotker at your service!	
CYRIL:	(*skree agterna)* Willy la Guma, jou gat, man!	
TOMMY:	Hy't net weer sy nies hierso kô instiek oor Blanchie, man, oor haar en Map… Julle wiet oek al seker… Ek mien…	20
CYRIL:	'Is ou nuus al, man, lat… hy try al weer hárd by haar… en sy't nog oeghare vir hom, ek sê…	
	Stilte.	
CYRIL:	*(aan Richie)* Spéél, wat stáán jy so…	
RICHIE:	Ek het julle mos gesê, hy's skaars t'rug, of die hele fokken wêreld hierso is weer gemaak en gebriek! 'Is sy ou stryk…	25
CYRIL:	Okay, man, Blanchie was nooit vir jou ge-bedoel nie, so los nou jou crush op haar…	
RICHIE:	Gwaan voetsêk, wat se crush het ek op haar?...	
TOMMY:	Okay, man…	30
RICHIE:	*(aan Tommy)* Vryf jou fokken ringe, man! (*Geniepsig, want hy weet Tommy het óók 'n "crush" op Blanchie.)*	

15.7 Watter rol speel die "kerrimstok" (reël 2) enersyds simbolies om die sosio-politiese agtergrond waarteen die drama afspeel, uit te lig en andersyds die karakter van Cyril en Richie duidelik te laat blyk? Verduidelik ook waarom Tommy van Richie verskil deur na TWEE dinge in die uittreksel te verwys. (4)

15.8 Verwys na reël 10.

Waarom is Tommy se woorde hier ironies indien sy voorafgaande gesprek met Map in ag geneem word? (1)

15.9 Evalueer die funksionaliteit van Willy La Guma as karakter in die drama en motiveer jou antwoord. Verduidelik ook hoe sy aksies in reël 12 by Cyril se beskrywing van hom in reël 13 aansluit. (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

15.10 Richie se “crush” (reël 28) wat hy op Blanchie het, is teenstrydig met sy optrede teenoor haar.

Verduidelik hierdie stelling. Noem ook EEN saak uit Blanchie se lewe wat moontlik tot hierdie optrede van Richie aanleiding kon gee EN motiveer of sy optrede op grond hiervan geregverdig kan word of nie. (3)

15.11 Herlees reëls 14–17 van TEKS I en reëls 6 en 7 van TEKS J.

Watter ooreenkoms is daar tussen die spreker in TEKS I en die “social worker” (TEKS J) EN dink jy dat hulle in hul onderskeidelike doelwitte slaag? Motiveer jou antwoord. (3)

[25]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

MIS – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Miem en Meisie se blootstelling aan vrees en isolasie as 'n keerpunt dien wat hul optrede ingrypend beïnvloed. **[25]**

VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS K

	Die huilwind vervaag en verdwyn.	1
MIEM:	Nou toe nou. Dit is genoeg. *(Skielik opgewonde)* Weet jy, Gertie… dit laat my mos dink. Die sirkusgedoente was die vorige keer ook hier. Op dieselfde aand! Wie weet, miskien is hy een van hulle!	
GERTIE:	Ag nee, Miem, dink jy so?	5
MIEM:	As ek maar net vroeër daaraan gedink het, het ek vir die sersant gesê.	
GERTIE:	Ek is seker dit sal hom byval, Miem. Die sersant is 'n verstandige man.	
MIEM:	Ja, hy is. Hy het na ons geluister.	
GERTIE:	Hy het ander polisie en honde laat kom. Om die dorp en die distrik te patrolleer.	10
MIEM:	Waar hoor jy dit?	
GERTIE:	Vanmiddag was die dorp daarvan vol. En op pad het ek hulle gesien. Polisiemanne met groot honde aan kettings.	
MIEM:	Watter blye tyding!	
MEISIE:	Eina! *(Sy suig haar vinger)*	15
GERTIE:	Aag tog, het jy jou raakgesteek?	
MIEM:	Wil mos nie 'n vingerhoed dra nie!	
	Tydens die volgende twee spreekbeurte sak die mandjie met die tou vinnig na onder.	
MIEM:	Mandjie, Meisie!	20
GERTIE:	Jy is 'n flukse meisie om jou moeder te help.	
	MEISIE staan op en knoop die mandjie vinnig los.	
MIEM:	Dit is waar. Ek weet nie wat ek sonder haar sou doen nie. Gee hier.	
	MEISIE gee vir haar die mandjie.	
MIEM:	*(kyk na die bord in die mandjie. Vies)* Hou mos nie van kop en pootjies nie. Gaan skraap dan maar die bord uit, my kind.	25
	Terwyl MIEM en GERTIE verder praat, skraap MEISIE die bord uit. Die skaapkop en pootjies val hard in die emalje-emmer.	

17.1 Wat word die teksgedeelte in reël 1 genoem en tot watter mate dra hierdie woorde tot die stemming van die uittreksel by? (2)

17.2 Herlees die onderstreepte gedeeltes in reëls 3 en 4.

Waarvan praat Miem wanneer sy na die "vorige keer" verwys en hoe dra hierdie woorde van Miem tot die gevoel van afwagting by? Dink jy dat Miem se spekulasie teen die einde van die drama as 'n feit bevestig word? Motiveer jou antwoord deur na EEN aspek te verwys. (3)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

17.3 Herlees reël 17 EN reël 22.

Watter houding van Meisie blyk enersyds uit reël 17 en watter karaktereienskap blyk andersyds uit reël 22? By watter tema van die drama sluit haar houding aan? Verduidelik ook waarom Miem 'n bydraende faktor tot hierdie karaktereienskap is. (4)

17.4 Herlees reël 23.

Evalueer die geloofwaardigheid van die onderstreepte woorde in hierdie reël. Motiveer jou antwoord. (1)

17.5 Herlees die onderstreepte gedeelte in reël 25.

Bespreek waarom dit verstaanbaar is dat Miem hier "vies" is deur na die sosio-ekonomiese omstandighede te verwys waarteen hierdie drama afspeel en noem die karakter op wie haar woede gerig is. (2)

EN

TEKS L

MIEM:	*(fluister onheilspellend)* Dit is seker moontlik. Al met die rivier langs. Tussen die riete en die lang gras… Onder die wilgerbome deur.	1
MEISIE:	Hou op, Ma. Asseblief. Ek word bang.	
MIEM:	Toe maar, my kind. Jy hoef nie bang te wees nie. Hier is jy mos veilig. (*Asof sy met 'n kind praat)* Soos 'n voëltjie in sy nessie. *MEISIE gaan sit en werk verder.*	5
GERTIE:	*(kyk nog by die venster uit)* Ek sien nou glad nie meer die ligte nie. Hulle't verdwyn agter die silo.	
	Die geblaf van die honde is nou sagter en word nog sagter totdat dit na sowat tien spreekbeurte glad nie meer hoorbaar is nie.	10
MIEM:	*(kwaai)* Gertie, kom weg daar by die venster en trek die gordyne toe. 'n Mens weet nooit wie vir ons kan staan en loer nie.	
MEISIE:	Dink Ma so? Dink Ma daar's iemand daar buite?	
MIEM:	Kan wees. 'n Mens weet nooit. *(Gerusstellend)* Maar moet jou tog net nie ontstel nie. Dan slaap jy weer sleg. Ek is seker jy hoef nie bang te wees nie. Wagter sal ons darem waarsku. En dan is daar natuurlik die konstabel.	15
	Die KONSTABEL se stok val. GERTIE tel dit vinnig op en gee dit vir hom.	20
GERTIE:	Daar's hy, Konstabel!	
KONSTABEL:	Baie dankie, Juffrou.	
GERTIE:	Dit is 'n plesier, Konstabel. *(Giggel. Sien vir MEISIE wat 'n sak op 'n stapel sit)* Die arme kind wat so laat moet werk… Sy is seker doodmoeg… Ek dink sy behoort te gaan slaap. Is jy moeg, Meisie?	25
MEISIE:	Ja, ek is.	
GERTIE:	En jou ma is ook glad nie gesond nie. Sy het ook haar rus nodig. Miem, hoekom gaan slaap julle twee nie? Ek sal die konstabel vir 'n rukkie geselskap hou.	30

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

17.6 Teen watter agtergrond speel TEKS L af? (1)

17.7 Miem het 'n spesifieke doel met haar woorde in reëls 1 en 2.

Noem TWEE moontlike doelwitte wat sy met hierdie woorde wil bereik en motiveer of sy daarin slaag of nie. (3)

17.8 Herlees reëls 10 en 11.

Verduidelik hoe die afname in die geblaf van die honde ("*sagter*" en "*nog sagter")* 'n wending in stemming bewerkstellig. (1)

17.9 Herlees reëls 16 tot 18.

Waarom kan hierdie woorde as ironies beskou word? Noem TWEE redes. (2)

17.10 Meisie se woorde in reël 27 is teenstrydig met haar optrede in die slot van die drama. Verduidelik hierdie teenstrydigheid. Noem ook 'n rede waarom Gertie vir Miem en Meisie aanmoedig om te gaan slaap EN motiveer of haar behoefte aan alleen-tyd met Konstabel geregverdig kan word of nie. (3)

17.11 Na watter TWEE betekenismoontlikhede van die titel van die drama word daar in TEKS L verwys? (2)

17.12 Herlees reëls 20 tot 22 van TEKS K en reël 4 van TEKS L.

Evalueer of meisie enige karakterontwikkeling vanaf die gedeelte in TEKS K tot die woorde aan haar ma in TEKS L ondergaan. Motiveer jou antwoord. (1)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.